



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

HIST.1

GESKIEDENIS V1

NOVEMBER 2014

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

OGGENDSESSIE



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: BURGERREGTEBEWEGING

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gekry word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
 - 4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.
 - 4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.
5. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.
6. Die blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
8. Skryf netjies en leesbaar.



AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE BLOKKADE TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE WESTERSE MOONDHEDE EN DIE SOWJETUNIE BYGEDRA?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

- 1.1 Gebruik Bron 1A.
- 1.1.1 Identifiseer die VIER lande wat Duitsland en Berlyn na die Tweede Wêreldoorlog beset het. (4 x 1) (4)
 - 1.1.2 Verduidelik hoe die Sowjetunie op die ekonomiese beleid van die Westerse moondhede in naoorlogse Duitsland gereageer het. (2 x 2) (4)
 - 1.1.3 Wat verstaan jy onder die konsep *Ystergordyn*? (1 x 2) (2)
 - 1.1.4 Waarom was die Westerse moondhede nie bereid om uit Wes-Berlyn te onttrek nie? (1 x 2) (2)
- 1.2 Verwys na Bron 1B.
- 1.2.1 Waarom, volgens die bron, het dit vir Brittanje en Amerika nodig geword om ongeveer 400 000 vlugte na Wes-Berlyn te onderneem? (1 x 2) (2)
 - 1.2.2 Beskryf die impak wat die Berlynse Blokkade op gewone Berlyners gehad het. (2 x 1) (2)
 - 1.2.3 Lewer kommentaar oor waarom Wes-Berlyners nie die voedsel aanvaar het wat deur Oos-Berlyn aan hulle beskikbaar gestel is nie. (2 x 2) (4)
- 1.3 Raadpleeg Bron 1C.
- 1.3.1 Watter boodskap, dink jy, word deur hierdie foto oorgedra? (1 x 2) (2)
 - 1.3.2 Verduidelik, in die konteks van die gebeure wat in 1948 plaasgevind het, waarom hierdie foto wyd deur die Westerse media (koerante) gepubliseer is. (2 x 2) (4)



- 1.4 Bestudeer Bron 1D.
- 1.4.1 Noem TWEE vorme van ondersteuning wat die Sowjetunie aan die mense van Berlyn verskaf het. (2 x 1) (2)
- 1.4.2 Verduidelik waarom 'n geskiedkundige die inligting in hierdie bron as partydig kan beskou. (2 x 2) (4)
- 1.4.3 Otto Grotewohl het die Berlynse Stadsadministrasie 'krimineel' genoem. Gee 'n rede vir sy standpunt. (1 x 2) (2)
- 1.4.4 Otto Grotewohl het beweer dat die Westerse moondhede 'die Duitsers teen die Sowjetunie opsweep'. Verduidelik of jy met sy interpretasie van gebeure saamstem. (2 x 2) (4)
- 1.5 Verwys na Bron 1B en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1D 'n ander perspektief gee as dié in Bron 1B met betrekking tot die hulp wat Berlyn in 1948 ontvang het. (2 x 2) (4)
- 1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Berlynse Blokkade tot Koue Oorlog-spanning tussen die Westerse moondhede en die Sowjetunie bygedra het. (8)

[50]

VRAAG 2: HOE HET DIE BUITELAND IN DIE EERSTE FASE VAN DIE ANGOLESE BURGEROORLOG VANAF 1975 TOT 1976 INGEGRYP?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Verduidelik die volgende geskiedkundige konsepte in jou eie woorde:

- | | | | |
|-----|-----------------------|---------|-----|
| (a) | Anti-koloniale oorlog | (1 x 2) | (2) |
| (b) | Burgeroorlog | (1 x 2) | (2) |

2.1.2 Wat, volgens Guimarães, was die rede vir die 'wapenwedloop' tussen 1974 en 1975 in Angola? (1 x 2) (2)

2.1.3 Noem die lande in die buiteland wat elk van die volgende Angolese vryheidsbewegings gesteun het:

- | | | | |
|-----|-------|---------|-----|
| (a) | MPLA | (1 x 1) | (1) |
| (b) | FNLA | (1 x 1) | (1) |
| (c) | UNITA | (1 x 1) | (1) |

2.1.4 Deur die bron en jou eie kennis te gebruik, verduidelik waarom die VSA by die Angolese burgeroorlog betrokke geraak het. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Watter rede het Henry Kissinger aangevoer om die VSA se betrokkenheid by die Angolese burgeroorlog te regverdig? Verwys na Raam 1 en 2 in die spotprent om jou antwoord te ondersteun. (1 x 2) (2)

2.2.2 Verduidelik hoe President Ford op Kissinger se voorstel gereageer het deur die inligting in die spotprent te gebruik. (1 x 2) (2)

2.2.3 Lewer kommentaar oor waarom jy die bewyse in die bron as bruikbaar sou beskou wanneer jy navorsing oor die VSA se betrokkenheid by die Angolese burgeroorlog doen. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Gee VIER redes waarom Kuba in Angola ingegryp het. (4 x 1) (4)

2.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om die verhouding tussen Kuba en die Sowjetunie in Angola te verduidelik. (2 x 2) (4)



- 2.4 Verwys na Bron 2D.
- 2.4.1 Waarom, volgens Rhodes, was Suid-Afrika se betrokkenheid in Angola 'n 'flater'?' (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Vorster het beweer dat 'ons nooit by die burgeroorlog as sodanig betrokke was nie ...'. Verduidelik tot watter mate jy hierdie bewering as geldig sal beskou. (2 x 2) (4)
- 2.4.3 Hoe verdedig Vorster sy besluit om in 1976 Suid-Afrikaanse troepe na Angola te stuur in die konteks van die Koue Oorlog in Afrika? Ondersteun jou antwoord deur bewyse uit die bron te gebruik. (2 x 2) (4)
- 2.5 Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C en 2D verskil met betrekking tot die betrokkenheid van beide Castro en Vorster in die Angolese burgeroorlog. (2 x 2) (4)
- 2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe lande in die buiteland in die eerste fase van die Angolese burgeroorlog vanaf 1975 tot 1976 ingegryp het. (8) [50]



VRAAG 3: WATTER ROL HET DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE STATE IN 1957 IN DIE DESEGREGASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL, IN LITTLE ROCK, ARKANSAS, GESPEEL?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Bestudeer Bron 3A.

- 3.1.1 Beskryf die houding van wit Amerikaanse leerders teenoor Elizabeth Eckford in die foto. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)
- 3.1.2 Waarom, dink jy, het wit Amerikaanse leerders teen Elizabeth Eckford se bywoning van Central High School geprotesteer? (2 x 2) (4)
- 3.1.3 In 1997 het President Clinton opgemerk dat die beeld van Elizabeth Eckford (soos getoon in Bron 3A) 'die gewete van ons nasie aangeraak het'. Gebruik jou eie kennis om te verduidelik tot watter mate jy met Clinton se bewering oor hierdie ikoniese/symboliese beeld saamstem. (2 x 2) (4)

3.2 Gebruik Bron 3B.

- 3.2.1 Wat het Martin Luther King jr. (Telegram 1) gemotiveer om President Eisenhower te versoek om "n onomwonde standpunt' in Little Rock in te neem? (1 x 2) (2)
- 3.2.2 Gee die DRIE redes wat Woodrow Mann (Telegram 2) geïdentifiseer het vir die ingryping van die federale regering in Little Rock. (3 x 1) (3)
- 3.2.3 Waarom, dink jy, het President Eisenhower nie onmiddellik op die krisis in Little Rock gereageer nie? Ondersteun jou antwoord met TWEE redes. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

- 3.3.1 Verduidelik hoe die gebeure in Little Rock, Arkansas, die fondament van die Amerikaanse lewenswyse ondermyn het. (2 x 2) (4)
- 3.3.2 Definieer die geskiedkundige konsep *menseregte* in die konteks van die krisis by Central High School, Little Rock. (1 x 2) (2)
- 3.3.3 Noem DRIE 'gedragstandaarde' soos vervat in die Handves van die Verenigde Nasies. (3 x 1) (3)
- 3.3.4 Waarom het President Eisenhower geglo dat die situasie in Little Rock, Arkansas, die VSA se 'aansien' en 'invloed' in die wêreld bedreig? (2 x 2) (4)



- 3.4 Verwys na Bron 3D.
- 3.4.1 Watter VIER redes het die ouers van die Little Rock-Nege gegee vir hul ondersteuning van die federale regering se ingryping by Central High School? (4 x 1) (4)
- 3.4.2 Verduidelik waarom 'n geskiedkundige die inligting in hierdie bron as bruikbaar sal beskou wanneer navorsing gedoen word oor die rol wat die federale regering gespeel het om te verseker dat die regte van swart Amerikaners beskerm word. (2 x 2) (4)
- 3.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin jy die rol verduidelik wat die regering van die Verenigde State in 1957 in die desegrasie van Central High School in Little Rock, Arkansas, gespeel het. (8) **[50]**



AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Verduidelik tot watter mate die Verenigde State van Amerika gedurende die tydperk 1965 tot 1975 daarin geslaag het om die verspreiding van kommunisme in Viëtnam te stuit.

[50]**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIES – DIE KONGO EN TANZANIË**

Bespreek tot watter mate beide die Kongo en Tanzanië geslaag het in die daarstelling van ekonomiese ontwikkeling en politieke stabiliteit nadat hulle onafhanklikheid van koloniale bewind verkry het.

[50]**VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWINGSPROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970s: SWARTMAGBEWEGING**

Die Swartmagbeweging het ontstaan uit die ontnugtering van die burgerregtewerkers in die suide en is aangevuur deur opstande deur ontevrede swart Amerikaners in die noorde.

Is dit 'n geldige beoordeling van die opkoms van die Swartmagbeweging in die Verenigde State van Amerika in die 1960's? Bespreek.

[50]**TOTAAL: 150**